

VOORGESTEL OOREENKOMSTIG MET
DIE VEREISTES VIR DIE
NASIONALE DIPLOMA FOTOGRAFIE
IN DIE DEPARTEMENT FOTOGRAFIE.

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE,
TECHNIKON VRYSTAAT

NOVEMBER 1995

Indeks

Blads

	LYS VAN ILLUSTRASIES	i
1.	INLEIDING	1
2.	HOOFSTUK 1 DIE GESKIEDENIS VAN SPORTFOTOGRAFIE	2
3.	HOOFSTUK 2 TOERUSTING VIR SPORTFOTOGRAFIE	5
4.	HOOFSTUK 3 RIGLYNE IN DIE FOTOGRAFERING VAN SPORTSOORTE	32
5.	HOOFSTUK 4 OUTEUR SE WERKE	54
6.	SLOT	66
7.	BIBLIOGRAFIE	68

LYS VAN ILLUSTRASIES

DIE OUTEUR SE WERKE			BLADSY
1.	Figuur 1	Hokkie	54
2.	Figuur 2	Rugby	55
3.	Figuur 3	Fietsry	56
4.	Figuur 4	Swem	57
5.	Figuur 5	Gholf	58
6.	Figuur 6	Rubberbootresies	59
7.	Figuur 7	Veldfietswedrenne	60
8.	Figuur 8	Rugby	61
9.	Figuur 9	Kragbote	62
10.	Figuur 10	Perdespring	63
11.	Figuur 11	Gholf	64
12.	Figuur 12	Sokker	65

INLEIDING

SPORTFOTOGRAFIE: Waaroor gaan dit en wat is die fynere kunsies van sportfotografie? Is dit bloot 'n aksiefoto van Chester Williams wat vir David Campese klop in 'n toets teen Australië op Nuweland?

Vir elke sportman is dit 'n fantasie om in daardie wedstryd te speel, maar vir elke sportfotograaf is dit net so 'n groot droom om daardie uitdrukking van oorwinning op Chester se gesig vas te lê, as hy laer en laer afkom in sy duikpoging hoekvlag toe.

Uit die aard van die saak sal jy baie beslis goeie aanvoeling moet hê om dit moontlik te maak. Dit is 'n borrelende ondervinding vir die sportfotograaf sowel as vir die speler. Hy lewe saam met die spel en word heeltemal vasgevang en weggevoer deur die aksie, watter sport hy ook al mee besig is.

Dit is asof die sportfotograaf absoluut een word met die sport.

DIE GESKIEDENIS VAN SPORTFOTOGRAFIE

Aan die begin kon bewegende beelde nie gevries word nie. Dit was as gevolg van vele redes onder andere stadige reaksie van film en stadige sluiters.

Die eerste aksiefoto's is nie opgeteken nie. Die eerste gevalle van aksiefotos wat aangeteken is, was van mense by straatkruisings en waar hulle langs die pad geloop het (Langford 1980:52).

In die 1860's het stereoskopiese kameras hulle ontstaan gehad. Hierdie kameras het met meganiese sluiters gewerk (Langford 1980:52).

Die mees ontwikkelende het gekom van Edward Muybridge wat van Engeland afkomstig was. Hy was in diens van die Amerikaanse regering toe hy in 'n weddenskap betrokke geraak het. Hy en 'n baie welgestelde Amerikaanse goewerneur, Leland Stanford, het in 'n argument betrokke geraak (Langford 1980:52).

Die argument en weddenskap het gehandel oor 'n perd wat galop. Hulle het verskil oor die feit of die perd se pote op enige gegewe tydstep al vier in die lug was (Davenport 1991: 33).

Muybridge het in 1877 kameras opgekoppel langs 'n resiesbaan en laat afgaan as die perd verbybeweeg. Die sluiterspoed was 1/1000 sek. Die resultaat was onderbelig, maar tog duidelik.

Die resultaat het bewys dat die perd se pote al vier in die lug was wanneer dit onder sy pens was. Dit het ook gewys dat as die reeks foto's vinnig na mekaar gekyk word, dit lyk asof die perd werklik beweeg. Dit was ook die begin van bewegende foto's (Langford 1980:53).

Die tegnologie het voortdurend verbeter en foto's kon al hoe vinniger na mekaar geneem word (Upton & Upton 1989:368).

In Frankryk het Professor Ettiienne Marey van Muybridge se fotografiese werk te hore gekom en dit gebruik om sy eie kamerasisteem te ontwerp. Hy het 'n hele reeks foto's van 'n onderwerp kort opmekaar geneem en dit alles op een plaat geplaas. Wanneer die plaat in die rondte gedraai word en daar deur 'n gleuf geloer word, lyk dit asof alles in beweging gebeur. Die was 'n zoetrope genoem en was in 1885 ontwerp (Langford 1980:54).

TOERUSTING VIR SPORTFOTOGRAFIE

35mm ELR KAMERA

Die 35mm ELR kamera word beskou as die werkesel van by verre die meeste sportfotograwe. Veeldoeligheid, hanteerbaarheid, bekostigbaarheid en verskeidenheid van lense is van die enkele redes hoekom die 35mm ELR so gewild is.

Lense is maklik verwisselbaar, en gee die sportfotograaf dus meer opsies. Die fotograaf kan nou verskeie kameras by hom hê, met verskillende films en lense. Die lense kan afgewissel en verander word na gelang van omstandighede en behoeftes.

Vir sportfotografie het kameras met motoraandrywing noodsaaklik geword, omdat daar nie tyd tussen die aksies is om eers oor te haal nie (Bailey 1987:156-157).

Van die ander voordele wat die 35mm ELR kamera het, is dat daar geen parallaks foute is nie. Die beeld wat die fotograaf deur die oogstuk sien, ongeag watter lens gebruik word, is die beeld wat op die film vasgevang word (Beazley 1994:62-63).

Die meeste van die moderne 35mm ELR kameras het 'n ingeboude ligmeter, wat die fotograaf ook kan sien wanneer hy deur die oogstuk kyk. Hierdie funksie help ook baie met akkurate beligting. Die fotograaf moet egter uit ondervinding weet dat met water en sneeusportsoorte die lesing nie heeltemal korrek is nie. Vir water en sneeu kan die fotograaf tussen een en twee sluiters groter oopmaak as die werklike lesing (Beazley 1994:352-354).

MEDIUM FORMAAT KAMERAS

Medium Formaat kameras is reeds jare lank al in gebruik, maar vreemd vir die gebruik by sportfotografie. Die formaat se moderne weergawes neig al hoe meer na die vorm van die 35mm ELR, omdat dit makliker hanteer (Jervis 1990:15).

Die grootste voordeel van hierdie kameras is dat die negatief baie vergroot kan word, sonder om kwaliteit in te boet.

REC'D
DVS
SAS

Daar is min sportfotograwe wat werklik van hierdie formaat kamera gebruik maak, omdat dit baie groot en swaar is. Gepaardgaande daarmee saam het die kamera nie groot sluiters openinge nie en die variasies in spoed is ook baie beperk.

Die ekstra Penta prisma of eenvoudige Sportsoeker maak dit makliker om aksie te volg, omdat die normale oogstuk agterstevoor om werk. Alles beweeg dus omgekeerd na links in plaas van regs en omgekeerd, na regs in plaas van na links (La Grange 1993:6).

ONDERWATERKAMERAS

Vandag bestaan daar heelwat kameras wat vir onderwaterfotografie geskik is. Behalwe vir sportfotograwe wat net watersport uit 'n ander hoek uit wil aanbied, is daar ook kameras wat dieper onder die water kan gaan en seelewe afneem (Beazley 1994:408-409).

Daar moet egter steeds met baie groot sorg na die kameras omgesien word. Bly baie stiptelik by die voorgeskrewe dieptes wat aangegee word. As gevolg van die hoë drukking van die water kan dit die kamera vernietig asook die film wat binne in die kamera is (Beazley 1994:408-409).

Nikonos is die fabrikaat wat bekend is vir die meeste onderwater fotografie. Die fabrikaat maak meestal gebruik van O-ringe om dig te seël. Die fotograaf moet te alle tye sorg dat die kamera beskerm word teen warm son om verwering van die O-ringe te verhoed (Beazley 1994:409).

As gevolg van die verskil in breking van lig en breking van water, vertoon 'n voorwerp wat drie meter ver is, nader onder water as in die buite-lig. 'n Basiese benadering is dat water die fokale lengte met ongeveer 25% verhoog. Die beeld deur 'n 35mm lens vertoon onder water soos die deur 'n 47mm lens in die buite-lig (Beazley 1994:409).

Die reël in onderwaterfotografie is om so naby as moontlik aan die onderwerp te kom. Hoe verder die fotograaf van die onderwerp af is, hoe blouer word die beeld. Die Cannon AS-6 het opsionele toebehore bekend as "*neccessary frame*" en "*sport viewfinder*" wat aan die kamera gemonteer kan word om fotos met beter kwaliteit onder water te kan neem. Voorsiening is ook gemaak vir 'n "*close-up*" lens en 'n "*probe*" wat gebruik word om afstand onder water te meet, om op die kamera gemonteer te word.

LENSE

Vir die sportfotograaf is daar werklik 'n wye reeks lense beskikbaar. Lense is egter baie duur en lense met 'n lang fokale lengte is ook swaar (Sahadi & Palmer 1982:18-19).

So belangrik soos n goeie kamera is, is 'n goeie lens ook noodsaaklik. Vir 'n fotograaf om egter al die lense te koop en by hom te hê, is 'n moeilike vereiste, daarom is beplanning van lense vooraf baie belangrik, anders kan dit tot die koop van onnodige lense lei (Sahadi & Palmer 1982:18-19).

Lense met fokale lengtes van 600mm, 400mm en 200mm is nodig om die beelde of aksie tot by die fotograaf te bring, maar in gevalle waar die aksie naby is, sal 'n lens met 'n fokale lengte van 70mm genoeg wees. 'n Veelsydige lens wat kan verstel tussen byvoorbeeld 70mm - 210mm kan handig te pas wees (Sahadi & Palmer 1982:18-19).

Baie fotograwe wat sokker afneem, beveel 'n 20mm lens aan. Die hoek is baie wyd en die diepte van veld is baie groot, maar die aksie is ook naby wat foto's met genoeg detail moontlik maak (Sahadi & Palmer 1982:17-19).

Lense met fokale lengtes van 300mm en meer, is geneig om die deelnemers meer kompak te laat voorkom. Hierdie illusie is as gevolg van die lens se aberasies. Die aberasie is egter nie so erg dat dit steurend is nie (Upton & Upton 1989:65).

Die lens is die belangrikste gedeelte van die kamera en dit bepaal die kwaliteit van die beeld wat op die film vasgevang word (Beazley 1994:72).

Die grootte en voorkoms van die beeld, hang in 'n groot mate af van die lens wat gebruik word . Vir die sportfotograaf wat n verskeidenheid lense nodig het, is dit belangrik om 'n sorgvuldige keus te maak voordat hy lense koop (Bailey 1987:52).

Behalwe vir die fokale lengte is maksimum sluiters opening van die belangrikste oorwegings. Vir die sportfotograaf is dit ook belangrik dat die agtergrond van die voorwerp nie steurend moet wees nie en daarom uit fokus moet wees (Beazley 1994:72).

Die meeste lense op die mark wissel in fokale lengte van 15mm tot ongeveer 600mm. Fokale lengte word bepaal deur die afstand vanaf die middelpunt van die lens tot op die filmbasis terwyl die lens op oneindig gefokus is. Hierdie lengte word op die voorkant van die lens aangedui in millimeter (Beazley 1994:72).

TELEFOTOLENSE

Telefotolense is baie gewild tussen sportfotografie. Die gebruik daarvan het egter ook sy negatiewe aspekte. Die meeste van die lense is baie swaar, groot, moeilik hanteerbaar en gewoonlik ook duur (Upton & Upton 1989:64).

Om groot sluiteroeninge te verkry, is in baie gevalle beperk. In die meeste gevalle sal die 200mm lense maar 'n opening van f-4 gee. Vir sportfotografie het die fotograaf n hoe sluiterspoed nodig en daarvoor sal die sluiteroening groot as moontlik oop moet wees. In so 'n geval is die diepte van veld baie min en die fokuspunt dus kritiek (Upton & Upton 1989:64).

Omdat telefolense swaar is, moet van ondersteuning gebruik gemaak word. Vir die sportfotograaf is die enigste werklike bruikbare ondersteuning die enkelpoot ondersteuning. Die enkelpoot ondersteuning kan van lengte verstel word en kan dus sittende sowel as staande gebruik word (Tresidder 1984:38).

KATADIOPTIESELENSE

Hierdie is 'n baie kompakte lens. In plaas om van lense en prisma's gebruik te maak, word hier van spieëls gebruik gemaak. Daar is net een vasgestelde fokale lengte. Die lens se nadeel is die vasgestelde sluiteroening van $f-8$. Dit kan dus nie verstel word nie.

Omdat die lens uit spieëls bestaan, is dit baie ligter as lense wat van prisma's gemaak is (Bailey 1987:54).

ZOEMLENSE

Omdat dit nie altyd moontlik is om lense te wissel nie, is hierdie lens baie gewild by sportfotografe as dit aan 'n ekstra kamera gekoppel is (Joseph & Saunders 1993:42).

Vir die amateur fotograaf is dit ook 'n baie goeie keuse lens om mee te begin, omdat die lens so veelsydig is. Die lens bied aan die fotograaf die gerief van drie lense in een, nl. 'n wyehoek lens, 'n standaard lens en 'n lens met 'n langer fokale lengte (Bailey 1987:56).

Vir die sportfotograaf is die 100-300 zoem 'n baie goeie keuse. Ten spyte van die aberasies wat nie so effektief gekorrigeer kan word met zoem lense nie, het tegnologie baie verbeter en is dit byna nie meer 'n nadeel van die lens nie (Freeman 1989:45).

WYEHOEKLENSE

Dit is baie beslis 'n ongewone lens om te gebruik vir sportfotografie. Die lens sal net gebruik word om meer verwrings effek te gee. Die wyehoeklens het die voordeel dat die fotograaf die maksimum in fokus kan kry. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n 24mm lens met 'n sluiteroening van f-8, is vanaf een meter en verder, alles in fokus (Upton & Upton 1989:66).

Met sportsoorte soos yshokkie, hokkie en sokker moet daar aksie binne of naby die doelhok wees. Met die gebruik van 'n wyehoek lens by die doelhok, selfs binne in die doelhok, kan die fotograaf baie goeie aksiefoto's neem (Tresidder1984:26).

Met 'n 35mm lens kan n hoek van tot 62 grade afgeneem word en soveel as 94 grade in die geval van 20mm lens (Freeman 1989:36-37).

'n Baie gewilde sport waar ook van die lens gebruik gemaak word, is met valskerm vryval. Die fotograaf sal die kamera aan sy helm vasmaak en koppel met 'n afstandbeheer om die foto te neem. Daar word dan ook van 'n outomatiese fokus kamera en lens gebruik gemaak (Sahadi & Palmer 1982:16).

Die fotograaf moet egter bewus wees daarvan dat hy maklik met 'n baie wye hoek lens sy voete in die foto kan kry (Joseph & Saunders 1993:36).

TELEVERSTERKERS

Die versterkers word verkry in twee verskillende sterktes naamlik twee maal en drie maal versterkings (Joseph & Saunders 1993:40).

Behalwe vir die versterking wat dit gee, help die versterking ook om die fokale lengte te verhoog en ook om nie die lens so swaar te maak nie. Nikon het 'n spesiale versterking van een-punt-vier maal.

Die versterker se nadele is dat dit die kwaliteit van die beeld verswak en inkomende lig absorbeer. Die maksimum sluiteroening word met 'n versterker verswak. 'n twee maal versterker verdubbel die fokale lengte, maar die sluitergrootte is outomaties twee sluiteroeninge kleiner. Met 'n drie maal versterker is die fokale lengte drie maal langer maar drie sluiteroeninge gaan verlore (Joseph & Saunders 1993:40).

ONDERSTEUNING VAN DIE KAMERA

Vir die sportfotograaf om met swaar toerusting foto's te neem is moeilik. Dit is egter nog moeiliker om te verseker dat die foto's sonder kamera bewegings is.

Daar bestaan die konvensionele driepoot staander om te gebruik, maar sodra baie beweging nodig is, is hierdie driepoot moeilik hanteerbaar (Tresidder 1984:40).

'n Skouerstuk ondersteuning met 'n pistoolgreep en sluiters-meganisme is beskikbaar, alhoewel dit nie heeltemal voldoende is nie (Tresidder 1984:40).

Die enkelpoot ondersteuning is vir die sportfotograaf die mees aanvaarbare ondersteuning. Dit is verstelbaar volgens die hoogte wat verlang word, maar bly steeds baie hanteerbaar (Tresidder 1984:40).

Indien die fotograaf nie een van bogenoemde ondersteuningsmeganismes tot sy beskikking het nie, kan hy van 'n buitestaander gebruik maak en op die persoon se skouer leun vir ondersteuning. Dit is egter slegs as daar geen ander opsies beskikbaar is nie (Tresidder 1984:40).

MOTORAANDRYWER

Vir die sportfotograaf is motoraandrywing een van die belangrikste bykomstighede wat tegnologie tot gevolg gehad het. Elke sportfotograaf sal erken dat hy nie daarsonder kan klaar kom nie.



Nikon was een van die voorlopers met die ontwikkeling van motoraandrywing. Dit was die begin van die Nikon F reeks gewees. Slegs met die druk van 'n knoppie kon die fotograaf nou tot drie en 'n half raampies per sekonde verkry. Hierdie uitvinding was werklik wonderlik. Sedertdien het motoraandrywe nog vinniger en beter geword. Al die ander fabrikate het ook nou motoraandrywe ontwerp (Sahadi & Palmer 1982:13 & 15).

Vir sportfotograwe het daar nou 'n konsep begin wat as reekse bekend staan. Met die motoraandrywe kan die sportfotograaf nou 'n reeks foto's neem van 'n perdespringer wat oor 'n hindernis spring en dalk val. Die hele reeks volg op mekaar en is in volgorde van die insident (Tresidder 1984:42-43).

Motoraandrywe is 'n baie goeie uitvinding, maar vir die baie aggressiewe fotograaf kan dit werklik baie, baie duur word. Die fotograaf kan in sy poging om daardie een uitstekende foto te kry, dalk te roekeloos raak en te veel foto's neem. Hiermee word daar egter nie gesê dat die fotograaf nie aggressief moet wees nie, maar deur ondervinding sal hy leer wanneer hy te roekeloos raak. Saam met die een uitstekende foto moet daar ook na die koste gekyk word (Sahadi & Palmer 1982:15).

Volgens Walter Loos, 'n professionele sportfotograaf in Amerika is dit raadsaam vir beginner fotografe om na kindersport by te woon en te eksperimenteer met die motoraandrywe en ook om die beste posisies te kry vir sportgeleenthede. Bogenoemde verkies dat sy beelde gevries is en kry met sy motordryf tot 14 raampies per sekonde met 'n sluiterspoed van tot 1/2000 sekonde (Upton & Upton 1989:26- 27).

LIGMETERS

In die verlede was dit 'n noodsaaklike deel van enige fotograaf se toerusting . Alhoewel vandag se kameras toegerus is met ingeboude ligmeters wat deur die lens leesbaar is, kan akkurate lesings die beste geneem word deur 'n ligmeter (Bailey 1987:60).

Die essensie van fotografie is tog om 'n goeie beligting van die onderwerp wat afgeneem word, te hê. Vir die sportfotografe is die moderne, ingeboude ligmeters van die kamera baie gerieflik. Die lesings is akkuraat en foute word selde begaan, met 'n moontlike foutfaktor van een uit tien.

Die kamera se batterye is egter belangrik. As die batterye verswak is die lesing nie meer akkuraat nie. Die sportfotograaf moet altyd ekstra batterye byderhand hou (Bailey 1987:60-61).

Daar bestaan verskillende soorte ligmeters. 1) Sommiges neem slegs flitsliglesings, 2) ander neem weer net algemene liglesings. 3) Daar is egter van die modelle wat albei lesings kan neem. 4) Die ander modelle wat bestaan, is die reflekteerde kol ligmeter wat 'n sekere kol waarvoor gekorrel word, se lesing neem. Met hierdie kol lesing kan die fotograaf die belangrikste deel van sy beeld wat hy korrek belig wil hê, presies reg belig. Die res van die foto se lig sal dan daarvan afhang (Bailey 1987:60).

Daar is egter verskillende maniere van liglesings wat gegee word. Dié wat ook in kameras ingebou is, is gereflekteerde lig, ligmeters. Hierdie meters lees die lig wat van die onderwerp af na die kamera gereflekteer word en dek 'n hoek tussen 30 en 50 grade wyd (Upton & Upton 1989:110)

'n Ander ligmeter-lesing wat geneem word, is die insidensie ligmeter lesing. Hierdie lesing word die meter by die onderwerp gehou en die lesing word geneem van die direkte lig wat daarop val. Die lesing wat geneem word, dek 'n hoek van 180 grade (Upton & Upton 1989:110).

Daar bestaan nog maniere waarop lig gemeet kan word. Bogenoemdes is egter die belangrikste twee. Ander maniere is die gemiddelde lesing, middel gebalanseerde en ook verskeie sone liglesing meting (Upton & Upton 1989:112).

Daar moet gekompenseer word wanneer ski op sneeu of op water gefotografeer word omdat die agtergrond helderder is (Joseph & Saunders 1993:63).

FLITSE

Sportfotograwe maak vandag selde van flits beligting gebruik, want daar bestaan 'n wye verskeidenheid van films met verskillende grade van ligsensitiwiteit en die aanpassings word met die film gemaak (Beazley 1994:356).

By sommige binnenshuise sportsoorte mag daar nie van flitse gebruik gemaak word nie. By gimnastiek is dit glad nie toelaatbaar nie, maar met die opwarming sessie is dit wel toelaatbaar. Die gebruik van flits help om 'n helderder en beter kleur balans te gee. Die detail is ook baie beter (Beazley 1994:356).

By motorwedrenne word flitse ook nie toegelaat nie, omdat die flitslig die motorbestuurder kan verblind en in sommige gevalle kom die motor uit 'n donker gebied en 'n helder flitslig maak dit gevaarlik vir die bestuurder sowel as die fotograaf, want die fotograaf sal die foto heel moontlik van voor af neem en dus in gevaar verkeer (Hicks 1993:58).

AFSTANDBEHEER

Per geleentheid gebeur dit dat die aangewese posisie vir die fotograaf gevaarlik kan wees. In sulke gevalle het die fotograaf die opsie om van afstandbeheer gebruik te maak.

Behalwe vir gevaar, kan die aangewese posisie vir die deelnemers ook steurend wees byvoorbeeld by perdewedrenne, perdespring ens. (Tresidder 1984:50).

Daar is ook verskillende afsitters vir die sluiters. Infra rooi elektriese afsitter asook langer kabel afsetters is beskikbaar. Indien die fotograaf nie 'n motoraandrywing het nie, is hy beperk tot een foto op 'n slag (Tresidder 1994:50).

Alhoewel van hierdie toerusting baie duur kan wees, is dit tog baie effektief en die elektroniese afsetter kan werk tot op 'n afstand van 30 meters. Infra rooi en radio afsetters is egter duurder (Tresidder 1994:50).

FILM

Soos reeds vermeld is by flitse, is vinnige films deesdae baie beskikbaar en daar is ook 'n wye reeks films beskikbaar.

Behalwe vir vinnige films wat deesdae vir die sportfotograaf beskikbaar is, is hy genoodsaak om steeds sy film forseer om beter sluiterspoed te verkry. Om film te forseer moet egter nie oordoen word nie. Wanneer daar een of twee sluiteropeninge geforseer word, sal die kleur nog aanvaarbaar bly in vergelyking met die oorspronklike kleur, maar wanneer die fotograaf die film met drie sluiteropeninge geforseer, gaan die kleur onaanvaarbaar verskil van die oorspronklike kleur (Tresidder 1994:20-21).

Met die gebruik van vinniger film, kry die resultaat egter meer grein. Films kan in verskillende kategoriee ingedeel word naamlik 100 ISO vir algemene gebruik, 200 ISO vir swakker lig by algemene gebruik, 400 ISO film wat 'n vinnige film is en dan 1600 ISO wat 'n ultra vinnige film is (Bailey 1987:62).

Vinnige en ultra vinnige films moet versigtig hanteer word (400 ISO tot 1600 ISO). Dit kan by lughawens, doeanepunte ens. waar van X-straalmasjiene gebruik gemaak word, beskadig word. Al is daar sakke wat film teen X-strale beskerm, blyk dit oneffektief te wees en die films doen "*fogging*" op (Joseph & Saunders 1993:50).

Alhoewel spoed en grein direk gekoppel is, maak grein nie soveel saak vir die sportfotograaf nie. Dit is eerder 'n skerp beeld wat belangrik is (Upton & Upton 1989:93).

Die kwessie van hoeveel film die sportfotograaf saam met hom moet saamneem na 'n byeenkoms, is nie duidelik nie. Sommige fotograawe kan 25 rolle gebruik terwyl ander nie eens 10 rolle sal nodig he nie. Die slotsom waartoe daar gekom kan word, is dat elke fotograaf sy behoeftes later self leer ken en dan baie seker moet maak dat hy genoeg film by hom het. Neem 'n paar ekstra films saam ingeval daar byvoorbeeld ekstra tyd by 'n wedstryd gespeel word of enige iets langs die veld gebeur (Sahadi & Palmer 1982:21-24).

Ten spyte van al die toerusting wat die sportfotograaf saam met hom moet dra, is films se gewig onbeduidend. Waarom aan die einde van 'n wedstryd 'n tekort hê aan film? (Sahadi & Palmer 1982:21).

BELIGTINGSTEGNIEKE

VINNIGE SLUITER SPOED (GEVRIESDE AKSIE)

Met die verskeidenheid filmspoed wat beskikbaar is vir die sportfotograaf is dit maklik om die sluiterspoed so hoog as moontlik te kry om die aksie te vries.

Die sportsoort wat gefotografeer moet word sal bepaal hoeveel spoed nodig is om aksie te vries. Vir gewone aksie sportsoorte is sluiterspoed van 1/500 sekonde voldoende, maar waar byvoorbeeld motorsport betrokke is, kan dit dalk te stadig wees. Die moderne kameras wat beskikbaar is maak sluiterspoed van tot 1/4000 sekondes moontlik. So 'n sluiterspoed is ideaal vir sportsoorte soos formule 1 en motorfiets resies. (Bailey 1987:48-50).

Om aksie te vries is nie net sluiterspoed belangrik nie, maar ook die hoek waarteen die voorwerp afgeneem word. Met 'n beeld wat 45 grade van voor kom, vertoon die beeld reeds of dit nie meer "*blurr*" nie (Tresidder 1984:18).

Hier volg 'n tabel wat wys watter sluiterspoed voldoende is om aksie te vries:

Volwasse atleet	1/500
Wedrenmotor	1/2000
Formule I	1/4000
Tennis Afslaan	1/1000
Fietsryer	1/500
Swemmer	1/125
Water Ski	1/500
Perde Resies	1/1000

(Tresidder 1984:18).

STADIGE SLUITERSPOED ("BLURR")

Wanneer stadige sluiterspoed gebruik word kry die fotograaf die bewegings-effek. Die effek kan verkry word dat die atleet of roeier self nog gevries is, maar die water ens. rondom wys beweging. Daarvoor is sluiterspoed van ongeveer 1/60 sekonde voldoende (Tresidder 1984:46).

Wanneer die fotograaf egter van sluiterspoed stadiger as 1/8 sekonde gebruik, is beweging self die onderwerp van die foto. Dit is dan meer 'n tegniek om die indruk van beweging te skep en duidelike detail nie die doel van die foto nie. Die metode gee egter duidelike silhouette en sonskyn op water gee baie glinstering aan die foto (Tresidder 1984:48).

"PANNING"

Hierdie tegniek maak 'n foto moontlik van bewegende onderwerp wat skerp en duidelik is teen 'n agtergrond wat "*geblurr*" is en 'n definitiewe indruk van beweging gee. Die effek word verkry deur gebruik te maak van 'n lae sluiterspoed terwyl die bewegende onderwerp deur die lens gevolg word en saam met die onderwerp beweeg (Beazley 1994:346).

Die beste manier om hierdie tegniek te vervolmaak, is om 'n punt te kry waar die onderwerp gaan verby beweeg. Fokus vooraf op die presiese plek. As die voorwerp verby beweeg, hou die fotograaf die kamera teen sy bors of sy heupe en beweeg sy lyf teen die spoed waarteen die onderwerp verby beweeg. Die belangrikste aspek van hierdie tegniek is om so egalig as moontlik saam met die voorwerp te beweeg (Beazley 1994:346).

"Panning" is 'n baie suksesvolle tegniek en kan veral tot voordeel gebruik word wanneer die beskikbare lig min raak.

DIE TOPPUNT VAN DIE AKSIE

Om altyd die beste aksie uit sportfotografie te kry, moet die fotograaf sy toerusting sowel as die sportsoort ken. Dit is veral hier waar motoraandrywing handig gebruik kan word (Freeman 1989:268).

Ten spyte van motoraandrywing kan daar nog steeds net daardie breukdeel van 'n sekonde wees wat verlore gaan tussen die twee fotos. En die beste deel van die aksie is verlore. In sulke gevalle is dit baie handig om die sportsoort te ken en te kan beplan van wat volgende gaan gebeur (Tresidder 1984:24).

Daar is 'n paar oomblikke wat bepalend is vir die neem van n geslaagde sportfoto. Hier is 'n paar van daardie oomblikke.

1. Die oomblikke hang af van die aard van die sport. By sokker sal die oomblik wees wat 'n doel behaal word, by boks byvoorbeeld as die uitklophou geplant word. So het elke sportsoort sy unieke oomblik.

2. Die moment waar 'n atleet in sy wegspringblokke oorgehaal is om te ontplof. Die oomblik as die skoot klap en hy of sy wegspring. Die spanning op sy gesig, spiere en lyf wys die presiese drama van die oomblik.

3. Daar is insedente wat nie verwag word nie, en met hierdie unieke gevalle kan baie goeie stories in 'n foto vertel word. Die uniekheid van die geval en die blitsige en skerpheid van die fotograaf maak van die foto 'n sukses .

4. Van die unieke gevalle wat 'n sportfotograaf kan weergee is onder andere die emosie, gesigsuitdrukking, angstigheid, bangheid, spanning en gereedheid wat deelnemers wys voor 'n wedloop of 'n geleentheid. Hierdie foto's is baie suksesvol omdat dit weer die menslikheid van die deelnemers weerspieël.

5. Met die kennis en ondervinding wat die sportfotograaf opdoen, sal hy later leer watter oomblik moet gewys word soos hy verskillende sportsoorte afneem. In hoogspring is die oomblik wat die atleet reg bokant die lat is, veldmotofietswedrenne wanneer die motorfiets hoog in die lug is met 'n sprong, gholf wanneer die gholfspeler die gholfbal met die stok tref of wanneer hy sy vuur bal na 'n lang set wat ingeslaan is. Hierdie is maar 'n paar voorbeelde van die toppunt van die aksie wat vasgevang kan word (Freeman 1989:268).

FOKUS

Vir die sportfotograaf is dit belangrik om sy toerusting te ken. Dit vergemaklik sy taak aansienlik. 'n Eenvoudige riglyn is om te weet hoe die lens fokus vir verder en nader bewegende voorwerpe. Dit is nodig om te leer hoe die lens fokus, om te weet dat die ring links draai vir 'n voorwerp wat verder beweeg of in die geval van 'n Novaflex lens moet die ring uitbeweeg en andersom vir deelnemers wat nader aan die fotograaf beweeg.

VOORAF FOKUS

Hierdie tegniek is beswaarlik nog nodig met die moderne outomatiese fokus kameras en lense wat beskikbaar is. Vir die sportfotograaf wat nog van selffokus kameras gebruik maak, is die tegniek handig.

In die praktyk moet die beste posisie vir die foto bepaal word. Fokus dan op daardie spesifieke plek en wag vir die voorwerp om die posisie te bereik en neem die foto of selfs 'n reeks foto's (Beazley 1994:344).

By baie sportsoorte is hierdie posisie bepaalbaar soos oor die hekkie in atletiek, oor die hindernis in perdespring en op die punt waar 'n verspringer gaan land in verspring. In sulke gevalle kan dit werklik vir die fotograaf mooi skerp beelde gee.

RIGLYNE IN DIE FOTOGRAFERING VAN SPORTSOORTE

Sportsoorte verskil baie van mekaar. Die manier waarop die fotograaf die sport benader en die kennis van die sport sal deurslaggewend wees vir die sportfotograaf se sukses. Met goeie kennis van sportsoorte en deur baie ondervinding sal die fotograaf later weet watter benaderings is suksesvol en watter nie.

Ongeag watter sportsoort, is gesigsuitdrukking belangrik vir die sukses van die foto.

SOKKER

Vir belangrike wedstryde word amateurfotografe selde toegelaat. Vir die professionele fotografe wat wel toegang kan verkry, is dit raadsaam om reeds lank voor die wedstryd op te daag om sy plek te reserveer (Hope 1992:24-27).

Vir die amateur is daar egter die plaaslike wedstryde waar daar vrye toegang beskikbaar is (Radford 1992:24-26).

Vir die sokkerfotograaf is dit raadsaam om homself toe te rus met 'n wyehoek lens van 80mm tot ongeveer 150mm om die aksie wat naby aan die net is te kan vasvang. Langer fokale lengte lense vir die spel wat in die middelveld plaasvind is nodig. Daarvoor sal 300mm tot 400mm lense geskik wees (Freeman 1989:271).

Die beste posisie om stelling in te neem, is so na as moontlik links of regs van die doelhok af. Die nette kan selfs reg voor die fotograaf wees (Gillespie 1993:28-31).

Kameras met motoraandrywing is nie net baie handig nie, dit is amper 'n vereiste vir die fotograaf (Freeman 1985:210).

Om 'n goeie en vinnige sluiterspoed te kry, is 400 ISO tot selfs 1600 ISO 'n goeie keuse vir film. Die aanbevole sluiterspoed is nie stadiger as 1/500 sekondes nie (Radford 1992:24-26).

KRIEKET

Omdat krieket oor 'n ver afstand van die fotograaf af gespeel word, is 'n 600mm lens die ideaal en sal die rame van die negatief vul met die voorwerp . Vergroting is dan nie nodig nie.

As gevolg van die gewig van die 600mm lens en die lang tye wat krieketwedstryde duur, is 'n driepoot staander vir ondersteuning onontbeerlik(Freeman 1985:210).

Die fotograaf moet bedag wees op veranderings in die veldplasing deur die kaptein. Dit kan 'n aanduiding wees van waar 'n moontlike vangkans te wagte kan wees.

Die beste posisie is om direk agter die kolwer te wees wanneer die bouler afgeneem moet word. Die fotograaf moet met die ruil van boulbeurte let dat hy nie voor die wit of swart skerm sit en die kolwer pla nie.

'n Goeie sluiterspoed vir krieket is 1/500 sek. Omdat krieket meestal in goeie lig gespeel word, sal dit selde nodig wees om van vinnige films gebruik te maak.

ATLETIEK

Atletiek kan in twee kategoriee ingedeel word en die twee kategoriee se fotografering verskil heelwat in tegniek:

1. BAANITEMS

Hier is die beste posisie by die wegspring of by die eindpunt. Die meeste aksie gebeur tog by die wenstreep.

Vir fotos wat reg van voor geneem word, moet die fotograaf gebruik maak van 'n ekstra kamera met 'n zoem lens wat 'n redelike wye hoek kan gee.

Om kennis te tussen die beamptes op te bou, help ook baie soos in die geval van Paul Atherton wat 'n Olimpiese atleet was en die beamptes goed geken het (Joseph 1992:28-31).

Toegang tot so na as moontlik aan die atlete, hang ook af van die grootte van die byeenkoms en lense moet daarvolgens beplan word. Motordrywe is 'n handige hulpmiddel (Freeman 1989:271).

2. VELDITEMS

Die meeste van hierdie atletiek items kan daar gebruik gemaak word van vooraf fokus. Die fotograaf kan fokus op vooraf duidelike plekke, soos die dwarslat in hoogspring, die vastrapplank in verspring of die landing in die put (Freeman 1985:210).

Die beperkinge is egter hoe naby die fotograaf toegelaat word aan die deelnemers om sy lens se fokale lengte te bepaal. As die vooraf fokus gedoen is, het die fotograaf steeds 'n goeie aanvoeling en tydsberekening nodig.

GHOLF

Mark Pain is maar slegs 26 jaar oud, en is reeds 13 jaar betrokke in fotografie (Pain 1992:24 & 25).

Die lesse wat hy geleer het en waar hy die meeste geëksperimenteer het, was by kleiner en minder professionele kompetisies (Pain 1992:24&25).

Die afneem van groot gholf geleenthede is werklik baie moeilik. Nie enige persoon word toegelaat met 'n kamera by hom êrens op die baan nie. Spesiale aansoek moet reeds 'n geruime tyd voor die byeenkoms verkry word by die hoofbeamptes en organiseerders (Pain 1992:24&25).

Gholf kan baie eentonig wees en die fotograaf moet na iets anders soek wat dit interressant kan maak (Pain 1992:24 & 25).

Die professionele fotograaf kan sy kanse om suksesvolle foto's te neem baie verbeter deur lang fokale lengtes lense te hê omdat die fotograaf nie naby die spelers mag kom nie. Die sluiters en spieël van 'n enkel lens refleks kamera kan vir die spelers steurend wees (Freeman 1989:271).

Die beste aksie wat verkry kan word, is die breukdeel van 'n sekonde net nadat die gholfer die bal geslaan het. Amper op die oomblik van impak. 'n Baie goeie tydsberekening is nodig (Freeman 1985:210).

SWEM

Wat swem vir die fotograaf vergemaklik, is die feit dat swem in bane gehou word. Omdat die deelnemer gedeeltelik onder die water is, is die beste oomblik wanneer die swemmer se kop die water breek en opkom om asem te haal (Freeman 1989:271).

'n Mediumlengte telefotolens is die beste fokale lengte lens wat by swem gebruik moet word, behalwe as daar beperkings is op die beweging by die swembad.

Die meeste moderne byeenkomste is in binnenshuise swembaddens. Daarvoor is die lig weer baie beperkend en moet van vinniger films en lense gebruik gemaak word (Freeman 1985:210).

Onderwaterfoto's is baie interessant en nie baie volop nie, maar hulle word meestal ook nie tydens kompetisies geneem nie. Die fotos word vooraf geneem waar alles reg opgestel is (Freeman 1989:271).

Twee posisies wat baie geslaagd is in die neem van swem foto's is by die wegspring of induik en die ander is by die omdraaipunt van die swembad.

PERDE SPORTSOORTE

Perde sportsoorte is een van die sportsoorte waar daar nie van flits gebruik gemaak moet word nie. 'n Flits kan gevaarlik wees vir die jokkie sowel as die perd (O'Connor 1993:53-56).

Wanneer die fotograaf perdespring fotografeer, kan lense met fokale lengtes van 28mm, 85mm tot ongeveer 135mm gebruik word vir goeie resultate. By verder afstande soos by perderesies is lense van 300mm en 400mm nodig om naby genoeg aan die aksie te kom (O'Connor 1993:53-56).

Die aanbeveling van sluiterspoed is om dit so vinnig as moontlik te kry. Probeer egter om dit nie stadiger te kry as 1/500 sek. nie. Met gebruik van "panning" kan sluiterspoed van 1/30 en 1/60 sekondes wel suksesvol gebruik word (O'Connor 1993:53-56).

Met die beligting is dit goed as die son van oor die fotograaf se skouer kom. Net om detail te behou op die skadu dele, stel die sluiterspoed groter oop as wat die gegewe lesing aandui (O'Connor 1993:53-56).

Soos met die meeste sportsoorte, probeer om so min as moontlik steurings op die agtergrond te hê. Met die vinnige sluiterspoed wat nodig is, is die sluiteroening gewoonlik so groot as moontlik en dit help om steurende agtergronde sag te maak. (O'Connor 1993:53-56).

Om vooraf 'n program te kry van wat volgende is, is raadsaam. Dit sal help om beplanning te doen om altyd by die beste aksie te wees. Vermy een posisie vir die hele dag. Skuif rond tussen wedrenne of deelnemers en kry verskillende aksie hoeke (O'Connor 1993:53-56).

Behalwe vir die aksie wat plaasvind, draai soms terug en kyk na wat weg van die aksie af gebeur. Soms kan die foto van die dag daaruit kom (O'Connor 1993:53-56).

By baie byeenkomste is beweging baie beperk. Dan kan van opgestelde kameras met afstandbeheerde toestelle afgesit word. Motordrywe is nodig omdat die kamera nou buite die bereik van die fotograaf is (Freeman 1989:271).

MOTORRESIES

Motorresies is 'n geweldige vinnige en gevaarlike sportsoort is. Dit is dit die beste om 'n fotograaf paspoort te verkry wat sal toelaat dat die beste en veiligste posisies moontlik aan die fotograaf uitgehou sal word. Dit is ook gewoonlik baie naby aan die baan en die aksie (Freeman 1989:271).

Gewoonlik hou die resies lank aan en daar is genoeg tyd om te verwissel na verskillende kamera posisies.

Die beste posisie is om seker te maak van 'n goeie plek, om die wegspring af te neem is aanbeveelbaar. Daar gebeur altyd iets dramaties en aksie is volop (Freeman 1985:210).

Lang fokale lengtes lense is nodig. Fotos wat van vooraf kom om 'n draai of waar motors mekaar kan verbysteek, is geslaagd. Sorg ook dat die sluiterspoed vinnig is, nie stadiger as 1/500 sek. nie (Freeman 1989:271).

MOTORTYDERENNE

As motortydrenne afgeneem word is beplanning baie belangrik. Maak seker van die roete wat gevolg word en dra kennis van gedeeltes waar 'n goeie agtergrond verkry kan word.

Soek 'n trajek op die roete waar dit nie te dig en te donker is nie, dit sal 'n stadige sluiterspoed gee wat nie gevraagd is vir die vinnige motorsportsoort nie (Boylon 1992:24-26).

Bly by een posisie met elke stadium. Wissel alleenlik posisie tussen verskillende stadiums om veiligheid te verseker en dit verhoed ook dat enige van die aksie gemis sal word (Boylon 1992:24-26).

Die posisie wat die beste resultate verseker is so ver as moontlik reg van voor af met 'n sluiterspoed van 1/500 sek. of vinniger (Boylon 1992:24-26).

Omdat daar baie modder en water by hierdie sportsoort betrokke is, is dit raadsaam om waterdigte klere te dra. Veral op baie reënerige dae (Boylon 1992:24-26).

Pasop vir modder en klippe wat opspring met die motors wat verbygejaag kom. Dit kan die toerusting baie beskadig (Boylon 1992:24-26).

Dit is baie belangrik om na so 'n dag al die toerusting wat gebruik is deeglik skoon en droog te maak (Boylon 1992:24-26).

VELDFIETSWEDRENNE

Probeer om vroeg by die baan te wees om die beste hoeke en plekke te soek vir foto's. Omdat die bane gewoonlik nie baie lank is nie, kan die hele baan deurgeloopt word en foto's goed beplan en geneem word.

'n Goeie punt is by die wegspring en plekke waar daar modder is wat trek met die motorfietse wat deur die lug spring.

Om die aksie te vries is $1/500$ sek. nodig, maar $1/125$ en $1/250$ sek. gee ook voldoende sluiterspoed en 'n bietjie beweging om meer aksie aan te dui (O'Carroll 1993:28-29).

Probeer van vooraf fokus gebruik te maak, alhoewel outomatiese fokus die aangewese opsie sal wees (O'Carroll 1993:28-29).

Baie goeie fotos kan geneem word na die wedrenne, waar van baie naby foto's gebruik gemaak kan word. Kyk vir foto's van modderige valhelms, handskoene, brille, gesigte en enige iets wat interessant sal wees en die oog sal vang (O'Carroll 1993:28-29).

Om werklik te sê wat die ideale lens is, is moeilik, maar enige lens tussen 70mm tot 210mm sal voldoende wees. Veral met vandag se tegnologie 'n 70mm - 210mm zoem lens.

Kyk na sagte agtergronde vir beter effek.

Ook hier is dit baie belangrik om die toerusting deeglik skoon te maak na byeenkomste.

WINDHONDRESIES

Dit is nie so moeilik om windhondresies te fotografeer nie, maar om 'n werklike goeie foto te verkry, is nie maklik nie. Die spoed waarteen hierdie honde hardloop is ongelooflik vinnig (Mortimore 1992:24-26).

Gelukkig is die meeste van hierdie byeenkomste in die dag, want flitse sal nie gebruik kan word nie. Hoë sluiterspoed is egter nodig. Die byeenkomste in die aand is baie belig, maar nie genoegsaam om die regte, vinnige sluiterspoed te verkry nie (Mortimore 1992:24-26).

'n Sluiterspoed van 1/500 sek. is nie vinnig genoeg om 'n hond wat na die fotograaf toe hardloop, gevries te kry nie. Hier is 1/1000 en selfs 1/2000 sek. nodig (Mortimore 1992:24-26).

Vooraf is daar 'n parade en dit moet gebruik word om te sien waar die honde die fotoraam ten volle volmaak. Stel dan 'n vooraf fokus vir daardie punt. 'n Vinnige motordryf sal handig wees saam met 'n lens wat ongeveer 600mm fokale lengte het (Mortimore 1992:24-26).

Alhoewel daar baie vryheid van beweging is, moet die fotograaf egter daarop let dat hy nie die aandag van die honde aftrek nie. Dit breek hulle spoed en konsentrasie heeltemal (Mortimore 1992:24-26).

HOKKIE

Hokkie gee aan die fotograaf baie beweegruimte en beweging sal nie maklik geweier word nie.

Hokkie is baie vinnig en 'n kundigheid met volgfokus sal die fotograaf baie help. Kyk eers na 'n wedstryd om kennis van die spel op te bou voordat foto's blindelings geneem word (Radford 1992:24-26).

Die gebruik van 'n 300mm lens is baie goed alhoewel 'n wyehoek lens goed gebruik kan word soos wanneer 'n korthoek geneem word. Die spel is baie soos sokker en die beste posisie is ook reg langs die doelhokke. Die fotograaf moet probeer om die son van oor sy skouers te laat kom (Radford 1992:24-26).

Probeer om 'n goeie agtergrond te verkry. Hokkieballe is baie hard en beweeg meestal vinnig, dit is dus raadsaam om die bal altyd dop te hou. Dit is vir die fotograaf se eie veiligheid sowel as beskerming van sy toerusting (Radford 1992:24-26).

RUGBY

Volgens Chris Cole, 'n fotograaf wat veral rugbyfotografie doen, is die beste lense om te gebruik by rugby 400mm en 135mm lense. Die 400mm is vir verder aksie en die afneem van groepe. Die 135mm lens is vir naby lynstane en enkel foto's van spelers. Gesigsuitdrukkings in lynstane is baie geslaagd (Cole 1992:55).

Die beste posise is agter een van die doellyne. Kyk van watter kant af die son kom. Dit is die beste met die son wat oor die fotograaf se skouer skyn.

Poog om af te neem na 'n kant waar daar baie toeskouers op die pawiljoen sit. Toeskouers gee sagter agtergronde en veral as hulle uit fokus is.

Groter sluiters is nodig vir uit fokus agtergronde sowel as vinnige sluiterspoed, wat nodig is.

Ken die lense se fokus verstellings om spelers wat nader kom of wegbeweeg in fokus te hou.

SKI

'n Belangrike punt by die fotografering van ski, is die beligting. Die sneeu is geneig om 'n verkeerde liglesing te gee deur van 'n deur-die-lens-lesing gebruik te maak. Meer akkurate lesings kan geneem word met handmeter liglesings (Martin 1992:54-55).

BERGFIETSWEDRENNE

Neem posisie in by 'n gedeelte waar deur slegs 'n bietjie beweging nodig is vir die neem van foto's uit verskillende hoeke.

Lense wat gebruik kan word, is vanaf 'n 20mm wyehoek lens tot ongeveer 'n 300mm lens. Daar is niks meer nodig as hierdie fokale lengtes nie. Die ryers beweeg vinnig, dus is vooraf fokus aan te beveel (Boylon 1992:24-26).

Die fotograaf moet sorg dat hy vinnig kan beweeg na die beginpunt of die eindpunt om dit te kan fotografeer. Dit is daar waar die beste aksie en drama vasgevang kan word (Boylon 1992:24-26).

Gewoonlik is dit ook 'n redelike wouderige omgewing waarin die wedrenne plaasvind, behalwe vir die modder sal voorsiening gemaak moet word vir vinnige en ultra vinnige film van minstens 400 ISO (Boylon 1992:24-26).

MARATHONNE

Grey Mortimore doen al vir meer as die afgelope 5 jaar dekking van marathonne.

Probeer om foto's van individuele drawwers te neem. Die gebruik van 'n wyehoek lens is ook geskik. Dit gee die kyker 'n idee van watter marathon die foto's is. Met 'n Britse wedloop sal daar Britse Polisie in hulle kenmerkende uniforms wees. So ook die Golden Bridge-marathon om maar 'n paar voorbeelde te noem waar die wyehoeklens die omgewing kan insluit (Walker 1993:26-27).

Wanneer die lig effens bewolk is, moet gebruik gemaak word van 'n flits om die kleure weer duidelik en helder te kry (Walker 1993:26-27).

Die lense wat gebruik word, hang af van watter foto's geneem gaan word. Is dit die individuele foto's of is dit die waar die omgewing ook ingekry moet word? Om bietjie tegniek in die foto's te kry, kan soms foto's van tot 1/30 sek. geneem word. Dit gee meer 'n gevoel van beweging (Walker 1993:26-27).

BASKETBAL

Wanneer 'n professionele fotograaf, wat 'n kenner is van basketbal aanbeveel om nie van flits gebruik te maak nie, dan moet dit ter harte geneem word. Hy het goeie redes vir sy aanbeveling. Die spelers is almal baie groot en nie bekend vir hulle rustige geaardhede nie. As hy dus 'n doel mis as gevolg van 'n fotograaf se flits, dan is die fotograaf se toerusting se dae getel (Jenkins 1992:57-60).


Omdat daar van beskikbare ligte gebruik gemaak moet word, is swart en wit film die aanbevole keuse. Wanneer die ligte die regte kleurtemperatuur van 3200 ° Kelvin het, kan van tungstenfilm gebruik gemaak word (Jenkins 1992:57-60).

Moenie te veel rondbeweeg nie. Die fotograaf moet sy posisie behou terwyl die spel aan die gang is en slegs van posisie verwissel wanneer daar onderbrekings in die spel is (Jenkins 1992:57-60).

Kyk na die liglesings wat verkry word en maak seker dat dit korrek is. Dit kan verskil met soveel as een sluiteroening van plek tot plek op die baan (Jenkins 1992:57-60).

'n Aspek waarna opgelet kan word, omdat van swart en wit film gebruik gemaak word, is die kontraste tussen die spelers. Daar is baie swart basketbalspelers. Die kontraste tussen wit en swart spelers moet korrek wees om nie detail te verloor nie (Jenkins 1992:57-60).

Lense wat gebruik kan word, is 'n wyehoek lens van 28mm om van bo die basket af te neem, onder toe. Vir fotografering van die kant van die baan af is tussen 100mm en 300mm voldoende (Jenkins 1992:57-60).



"WINDSURFING"

Baie van die byeenkomste is vêr van die naaste parkeerareas of paaie en swaar toerusting moet vêr gedra word (Holden 1992:61-64).

Wanneer die fotograaf self kennis het van die sport, kan dit baie van hulp wees om vooruit die volgende toertjie af te wag (Holden 1992:61-64).

Strande wat noord front het die voordeel dat die son van oor die fotograaf se skouer af kom. Dit help baie met goeie beligting van die deelnemers (Holden 1992:61-64).

Omdat die afstand baie ver is, is 300mm die minimum fokale lengte lens wat gebruik kan word. 600mm lense is seker die beste keuse. Die lense is baie swaar, daarom is 'n enkelpoot ondersteuning baie handig (Holden 1992:61-64).

Wat belangrik is met die komposisie is dat die horisonne horisontaal moet bly. Poog daarna om ander deelnemers met helder seile in die agtergrond te vermy. Dit is baie steurend en trek die aandag af van die hoofbeeld (Holden 1992:61-64).

Moenie die foto te veel vergroot en sodoende dele uitsny nie. Dit kan gebeur wanneer die deelnemer byvoorbeeld hoog in die lug is tydens die uitvoering van 'n toertjie dat die geheelbeeld van die foto sy dramatiese effek verloor (Halden 1992:61-64).

Al moet die film een of twee sluiteropeninge geforseer word, moenie dat die sluiterspoed stadiger as 1/500 sek. gaan nie (Halden 1992:61-64).

Soos by die meeste sportsoorte waar daar water, modder, sand of stof is, probeer om die resultaat van die elemente te vermy. Die fotograaf moet dus sorg dat hy sy toerusting deeglik droog en skoonmaak na 'n dag waar hy blootgestel was aan bogenoemde elemente. Chemiese sakkies wat vog absorbeer en middels bevat nl. silikoongel is baie doeltreffend om toerusting droog te hou en voorkom latere skade aan die toerusting. Die chemiese sakkies is by apteke beskikbaar.

Figuur 1 Hokkie



Hokkie is 'n vinnige sport en die bal moet die hele tyd gevolg word. 'n Lens met fokale lengte van 400mm. is vir bg. foto gebruik . Probleme wat ondervind is, is dat spelers gereeld voor die baldraer in beweeg. Agtergronde is steurend omdat daar nie genoegsame toeskouers is, wat sagte agtergronde kan gee nie.

Figuur 2 Rugby



Gesigsuitdrikkings bly 'n belangrike komponent van sportfotografie.
Lynstane laat die fotograaf toe om naby aan die spelers te kom.

Figuur 3 Fietsry



By die gebruik van stadige sluiters moet gewaak word teen te veel beweging wat steurend kan wees. Genoeg detail moet behoue bly. Helder kleure gee goeie beelde. Nie alle sportsoorte is suksesvol met hierdie tegniek nie.

Figuur 4 Swem



Die fotografering van swem word vergemaklik deur die feit dat die swemmers in hul bane bly. Afhangende van die beweeglikheid wat toegelaat word, is lense met fokale lengtes van 55 - 85mm voldoende.

Figuur 5 Gholf



By die meeste toernooie word fotografe nie naby die deelnemers toegelaat nie. Vir aksie en beweging kan van stadige sluiters gebruik gemaak word. Lense met lang fokale lengtes is nodig.

Figuur 6 Rubberbootresies



Rubberbootresies is moeilik om te fotografeer. Die aksie is vinnig. Skaduwees sal meestal vir sportfotograwe problematies wees, alhoewel gepoog word om korrekte beligting te hê. Toeskouers beweeg vrylik rond en skep probleme vir die fotograaf. Lense met fokale lengtes van 400mm en groter is nodig.

Figuur 7 Veldfietswedrenne



Die posisie wat die fotograaf inneem is belangrik. 'n Sagte agtergrond is moontlik. Die fotograaf moet let op modder en water wat vanaf die motorfietse spat en toerusting kan beskadig. 'n 70 - 210mm zoem lens kan voldoende wees vir fotografering van die sport.

Figuur 8 Rugby



Plaaslike byeenkomste is goeie leerskole omdat beweging meer toeganklik is. Die wedstryde word vroeg gespeel en beligting is dus voldoende vir 'n vinnige sluiterspoed.

Figuur 9 Kragbote



Helder kleure maak foto's interessant. Sonder enige aksie, kan kleure en 'n eenvoudige komposisie baie geslaagd wees.

Figuur 10 Perdespring



Beweging is nie vrylik toelaatbaar nie, omdat beweging steurend is vir die perde. Lense met fokale lengtes van 200 – 600mm is nodig. Let op na die ander hindernisse in die agtergrond om nie steurings te veroorsaak nie. 'n Sluiterspoed van $1/125$ sekonde is voldoende.

Figuur 11 Gholf



Wyehoeklense word suksesvol aangewend in sportfotografie. Dit bied 'n ekstra demensie aan 'n foto of laat die foto uit 'n ander perspektief gesien word.

Figuur 12 Sokker



Die meeste aksie is in die middeveld en lang fokale lengte lense is nodig. Die sluiterspoed moet verkieslik nie stadiger as $1/250$ sekonde wees nie.

SLOT

Atlete poog altyd om mekaar te oortref en te wen . Die wenmotief is dus altyd betrokke . Dieselfde geld by sportfotograwe , hulle poog altyd om beter foto's , as die ander fotograwe te neem .Doen altyd ietsie ekstra en iets anders net om 'n ander perspektief te verkry . Elke sportfotograaf probeer om sy foto so uniek as moontlik te laat lyk , en die beste te wees .

Vir die sukses van 'n fotograaf is professionele benadering , kennis , begrip en aanvoeling belangrik .

Elke sportsoort vereis ook sy eie spesifieke apparatuur en tegnieke . Indien 'n sportfotograaf alle sportgebeure wil fotografeer sal sy toerusting redelik omvangryk en duur wees .

Die sportfotograaf sal 'n goeie rooster of program moet hê , indien hy wil tred hou met alle byeenkomste . Tesame met die normale kostes is reiskostes en verblyf ook geneig om baie duur te wees .

Soos die sportmanne en vroue sal die sportfotograaf ook 'n goeie gesondheid en fiksheid moet handhaaf, om die baie beweging en verskuiwing van posisies moontlik te maak.

Fyn aanvoeling sal ook altyd nodig wees. Dit sal help om te weet waneer 'n span moontlik punte kan aanteken. Die sportfotograaf moet die opbou van 'n aanval kan waarneem en daarvoor gereed maak en in die regte posisie kom om die beste resultate te verkry.

Sportfotografie is 'n baie opwindende rigting en die fotograaf wat van uitdagings hou en anders wil wees, is hierdie rigting baie beslis die moeite werd, en baie bevredigend.

BIBLIOGRAFIE

BOEKE

Bailey, A . 1987 . *35mm Photography* . London : Dragons World.

Beazley , M . 1994 . *The Complete Kodak Book of Photography* .
London : Reed Consumer Books Ltd .

Davenport , A . 1991 . *The History of Photography* . Boston : Focal Press.

Freeman , M . 1985 . *The Encyclopedia of Practical Photography* .
London : Books & Toys Ltd .

Freeman , M . 1989 . *The Complete Guide to Photography* . London :
Headline Book Publishing Ltd .

Freeman , M . 1991 . *The 35mm Handbook* . London : Books & Toys Ltd.

Hicks , R . 1993 . *Succesfull Black & White Photography : A Practical
Handbook* . Newton Abbot Dawid & Charles

Jervis , A . 1990 . *Camera Technology* . London: Books & Toys Ltd .

Joseph, M & Saunders, D. 1993. *The Complete Photography Course* .
London: Toucon Book Ltd.

La Grange, J. 1993. *Sport Photography*. Bloemfontein.

Langford, M. 1980. *The Story of Photography* . London & New York .
Focal Press Ltd.

Sahadi & Palmer. 1982. *The Complete Book of Sportsphotography*.

New York: Billboard Publications, Inc.

Tressider, J. 1984 . *How To Catch the Action* . London: Kodak Ltd.

Upton, BL & Upton, J. 1989. *Photography*. United States of America: BL

Book, Inc.

TYDSKRIFTE

Boylon, H. Mortimore, G. Prior, G. Radford, B. 1992. Amateur
Photographer: Autumn Action.

Gillespie, G & Hawkins, G. 1993. Amateur Photographer: Sporting
Chance

Holden, P. 1992. Amateur Photographer: Step by Step Guide to Perfect
Pictures.

Hope, T. 1992. Amateur Photographer: Wembley Winners.

Jenkins, P. 1992. Amateur Photographer: Step by Step Guide to Perfect
Pictures.

Joseph, C. 1992. Amateur Photographer: Sporting Life.

Martin, B. 1992. Amateur Photographer: Out in the Cold.

O'Carol, M. 1993. Amateur Photographer: Fast and Dry.

O'Connor, P. 1993. Amateur Photographer: Courses for Horses.

Pain, M. 1992. Amateur Photographer: Making the Big Time.

Walker, L. 1993. Amateur Photographer: On the Run.